


# Sending Nuusbriëf



*Ecclesia Christi fluctuat non mergitur*

Konstatering van ds. Carl van Wyk en ds Peter Abrahams: daar is leemtes op die (hele) sendingveld waarvoor oplossings is. Ons moet hierby 'n bietjie 'buite die box' dink:

- Ons is min in mannekrag
- Ons mag daarmee (manne en middele) bly werk
  - Wesbank begelei sodat die gemeente kan aangaan
  - Ds Carl van Wyk help en en begelei verdere afbou
  - Die afbouwerk verminder elke jaar met 5%. In die praktyk is dit moeilik. Hierdie doelwitte is in die strategiese plan vervat en in die werkinstruksie van ds Carl van Wyk uitgespel.
  - Die VGK Wesbank is heelyd begelei tot aan selfstandigwording.
- Daar is ander sake wat aandag benodig:
  - Ampstoerusting
  - Begeleiding gemeente
  - Hoe werk kerkvisitasie
  - Wat is die belydenisskrifte
  - Finansiële administrasie
  - Katkisasieklasse ens.



## TEMA: DINKSKRUM SENDING – GSK


- Kan ons mekaar en die gemeentes daarmee help?
  - Daar is gemeentede, broers en susters wat daarin kan help
- Ons moet 'n lewendige gemeente van Christus wees
- Hoe doen ons dit vanuit die sendende gemeentes?
- Daar was kursusse en toerustingseleenthede, maar daar is verdere opvolgtoerusting nodig.
- In die sendende gemeentes moet die besef daar wees van 'n lewende steen. Dit impliseer eienaarskap.
- Die tekortkomings moet vasgestel word en daarvolgens mense aangestel word wat expertise het en daar kan help.



**Die Sending gee graag die nuusbriëf uit om die gemeentes, die SDSA en die ZAM op hoogte te hou van die sending op die Kaapse vlakke en in Fisantekraal.**

Die nuusbriëf kan help om die die Here te loof en te prys deur Sy werk wat Hy in mense doen. Dit is net die werk van die Heilige Gees wat in harte van mense werk. Die nuusbriëf kan ook help om voor die Here se aangesig te kom om gebedspunte voor die Here te bring in smeking en gebed.

# Sending Nuusbrieff



*Ecclesia Christi fluctuat non mergitur*

## Watter oplossings / moontlikhede is daar?

- GEBED!!!
- Ons moet ten eerste 'n 'warm' gemeente wees. Die Heilige Gees moet in ons werk. Dit het tot gevolg dat mense by ons gemeentes sal wil kom en aansluit
- Lidmate moet toegerus, opgebou, aangemoedig en gemotiveer word
- Maak en versprei 'n meningsopname / vraelys in die gemeentes:
  - o Vra gemeentelede waarom hy/ sy lidmaat van hierdie gemeente is?
  - o Gee positiewe en negatiewe maar opbouwende eienskappe van die gemeente
  - o Watter positiewe voorstelle het hy/ sy? M.a.w: hoe kan ons ware gemeente van Christus wees binne die situasie waarbinne die Here ons geplaas het?
  - o Waarby sou hy/ sygraag betrokke wou wees?
- Gee 'n lys van moontlikhede waarby lidmate betrokke kan wees. Daar is 'n gesamentlike bybelstudie van susters uit alle gemeentes waar onderlinge vertroue is en waar diep geloofsbande gesmee is.
- Wesbank en Belhar kan tot een gemeente gevorm word, maar met twee verskillende preekpunte. Pastoraal kan elkeen op sy eie funksioneer.
- In die verlede het die 4 predikante maandeliks bymekaar gekom. Dit kan weer ingestel word.

## **TEMA: DINKSKRUM SENDING - GSK**

**Die Sending gee graag die nuusbrieff uit om die gemeentes, die SDSA en die ZAM op hoogte te hou van die sending op die Kaapse vlakte en in Fisantekraal.**

Die nuusbrieff kan help om die die Here te loof en te prys deur Sy werk wat Hy in mense doen. Dit is net die werk van die Heilige Gees wat in harte van mense werk. Die nuusbrieff kan ook help om voor die Here se aangesig te kom om gebedspunte voor die Here te bring in smeking en gebed.

- Uitdagings van Wesbank, Belhar, Fisantekraal en Leiden is almal verskillend en dit moet ook sodanig geadresseer word.
  - o Ons moet die verskillende uitdagings van die verskillende gemeentes identifiseer.
  - o Ons moet verder kyk om moontlike oplossings te soek.
- 'n Predikant vir 'n gemeente is noodsaaklik, maar as dit nie moontlik is nie, kan die gemeente nog steeds funksioneer. So 'n gemeente en gemeentelede bid, leef en werk aktief as gemeente van Christus.
- Maak ons tyd vir die gemeente? In ons verskillende situasies as lidmate, ampsdraers of gemeentelede?
- Die GSK moet nie 'n belemmering wees vir die predikante/ sendelinge om hulle werk te doen nie, maar moet juis ondersteunend wees.

### **Gebedspunte**

- Bid vir getrouheid
- Bid vir die sendeling en medewerkers
- Bid vir almal op die GSK
- Bid dat die Gees deur ons in die gemeentes 'n kragtige werk mag doen, deure mag open en vrymoedigheid mag gee om te getuig.